# Teologiese teorieë binne ervaringskategorieë

C J A Vos
(UP)

**ABSTRACT**

**Theological theories in categories of experience**

*This article reflects the relationship between theological theories and categories of experience. Ways whereupon theological theories give access to categories of experience are looked at. A main aspect which is dealt with, is the relationship between theology and anthropology. Three concepts play a key role in this regard, namely remembrance, imagination and hope.*

## 1 'N INVALSHOEK

In hierdie artikel word daar besin oor die verband tussen teologiese teorieë en ervaringskategorieë. Daar word ook gesoek na weë waarop die teologiese teorieë toegang tot ervaringskategorieë kan kry. Ten diepste gaan dit om die verhouding tussen teologie en antropologie.

## 2 OPENBARING EN MENSLIKE ERVARING

Daar is 'n bepaalde relasie tussen God se openbaring en die menslike ervaring, tussen God se Woord en die mens se antwoord[1]. Anders as Heitink[2] sien ek dié relasie nie as **objektiewe waarheid** teenoor **subjektiewe belewing** nie. Op 'n ander plek skryf Heitink[3] egter met reg dat openbaring en ervaring in 'n wisselwerking staan. Die waarheid van God se Woord kom nie anders as langs die weg van interpretasie en toeeiening nie. Aangesien dit op die mens gerig is, is dit 'n **subjektiewe waarheid**. Dit kry in elke subjek 'n eie werking. Die waarheid van God se Woord is ook 'n **relasionele waarheid** omdat dit in relasie met die mens betekenis kry en ervaar word. As godsdienstige teks het die Bybel die krag om die horison van die interpreteerder te transformeer en om daardeur nuwe betekenis en ervaringsmoontlikhede te skep[4].

Die mens se ontmoeting met die Woord as openbaring wek ervaring. Ons ken God se openbaring slegs indirek, in die vorm van menslike ervaring[5]. Met ervaring word bedoel dat die mens in sy situasie medekonstitutief is in 'n proses van waarheidsvinding en singewing[6].

## 3 DIE VERWYSINGSKADER VAN RELIGIEUSE ERVARING

In navolging van J Weima verklaar Heitink[7] dat religieuse ervaring altyd 'n religieuse **verwysingskader** veronderstel. Iemand wat die Bybel as referensiekader het, identifiseer hom byvoorbeeld met Abraham ('n radikale breuk met die verlede) en maak sodoende op 'n bepaalde moment in sy lewe 'n religieuse deurleefde keuse. Dié keuse bring ook mee dat hy op die Bybelse belofte vertrou dat God hom sal seën en tot 'n seën sal maak. Op dié wyse word 'n bepaalde ervaring 'n religieuse ervaring[8].
'n Ander voorbeeld van 'n identifikasie-persoon is Job. Volgens die Satan was Job se vroomheid oneg omdat dit gemotiveer was deur eiebelang. God is bereid om sy opregtheid te laat toets en gee toestemming dat Job eers al sy besittings, daana sy kinders en ten slotte ook sy gesondheid verloor. Ten spyte van sy vrou se raad om God vir hierdie rampe te vervloek, volhard Job in sy vroomheid en slaag die toets. Drie van sy vriende, Elifas, Bildad en Sofar kom vervolgens om meegevoel met hom te betoon en sit volgens gebruik sewe dae by hom sonder om te praat. Tussen die pro- en epiloog kom die grootse Jobgedig voor. Dit is 'n dialoog - of dialoë - in versvorm. Job hou deurgaans vol dat hy onskuldig is en nie die straf verdien nie, terwyl die vriende met die klassieke vergeldingsdogma vorendag kom, naamlik dat die lyding van Job 'n bewys van sy sonde is. In die "uitdaagrede" (Job 29-31) roep Job God selfs om verantwoording te doen vir die onregverdige lyding wat Hy Job aangedoen het. Job hou onder eed sy onskuld vol en bal sy vuis vir God. In hoofstuk 32-37 kom 'n vierde vriend, Elihu, aan die woord. Waar die ander drie vriende meen dat God Job tereg vir sy sonde vergeld, reken Elihu dat God hom tug. Hy handhaaf egter ook die vergeldingsidee.

In die Godsrede (Job 38-39) neem God Job se uitdaging aan. Met 'n stortvloed van retoriese vrae sê God aan Job dat hy wat mens is, nie die raaisels van die skepping verstaan nie. Nogtans leef die mense elke dag daarmee saam. Waarom kan hulle dan nie saamleef met die geheimenisse van die morele orde in daardie skepping nie? Op dié manier dryf God Job in 'n hoek. Dan besef Job die futiliteit van sy rebellie en werp hom berouvol in God se arms (Job 42:1-6). Die epiloog (Job 42:7-17) vertel hoe die toorn van God oor die drie vriende gekom het en hoe Hy Job weer geseën het sodat hy nou groter geluk en rykdom as vroeër ervaar het[9].

Met die Bybel as referensiekader kan 'n mens hom met Job in sy lyding identifiseer. Job help 'n mens om lyding religieus te ervaar. Dié ervaring bevry die mens daarvan om lyding as sondevergelding te beleef. Dit help die mens ook nie om oor sy lyding stil te bly nie, maar om dit na

God te bring. Om dit selfs met gebalde vuis te doen. In hierdie konfronterende ontmoeting met God ontdek die mens dat God se liefde twee kante het:

... kan afknou
of in liefde vashou

en moet my op my plek
sit as ek
my laat begaan
te na aan u  u slaan
my as ek hardekwas
teenoor u was
hok  mý gaan u rateltaai
nog om u pinkie draai[10].

Die ervaring van die neerslag van lyding in die bestaan van mense, maak ons oë oop vir die lyding van almal wat geïgnoreer, gemarganaliseer en gekoloniseer is deur die groot verhaal van moderniteit[11]. Dit spoor ons tot dade aan om mense in lyding by te staan en te ondersteun.

In sy konfronterende ontmoeting met God ontdek die mens ook God se sorg vir sy skepping. Die mens besef dat al verstaan hy nie die raaisels van die skepping nie, kan hy tog saamleef met die misteries van die morele orde van hierdie skepping. Op hierdie manier aanvaar die mens God se sorg van en bestuur vir sy lewe. Religieuse ervaring van lyding bring mee dat die mens met sy lyding én opstand in God se teenwoordigheid is. In God se teenwoordigheid weet ek

wie met u liefde toegerus
is kry goddelik die leed
as 'n bonus[12].

Ervaring as metafoor sê: die mens is op pad, op reis, hy kom by 'n plek en hy het iets om mee te deel[13]. As teologiese begrip bied die woord "verbond" ruimte vir die mens op pad, op reis, as iemand wat iets het om mee te deel. Die verhouding wat God met die mens aangaan, lei die mens op die pad van ervaring van die heil. Die verbondsverhouding tussen God en mens erken ook die mens se menslikheid. In hierdie verhouding word die mens as 'n lewende subjek behandel. Anders gesê: die mens kan as subjek handel. God aanvaar die mens as bondgenoot. As egte bondgenoot

het die mens ook iets om mee te deel. Hy kan homself en sy gawes tot God se beskikking en tot beswil van sy naaste en tot bewaring van die skepping skenk.

## 4 TEOLOGIESE KONSEPTE EN ERVARING

Die teologiese begrippe "verbond" en "koninkryk" mond uit in drie terme wat ervaring uitdruk[14].

### 4.1 Herinnering as ervaring

Die eerste woord is "**herinnering**"

> ... die herinnering is 'n waterlelie
> wat tussen twee rimpelinge
> skaars haar bleek gelaat wys van 'n drenkeling
> (Jorge Carrera Andrade).

Ons **hunker** almal na dié bleek gelaat van die waterlelie. Herinnering wys op die **herkoms** van ons bestaan. Die pad na dié herkoms loop langs die weg van **disoriëntasie**. Dit is soos om deur 'n glasruit te kyk. 'n Mens ervaar die afstand tussen hede en verlede. Die verlede lyk ver en vaag, vreemd en onbekend. Herinnering sorg egter dat daardie paadjie wat ons voorgeslagte en ons tot dusver gekruip het, nie toegroei nie. Deur herinnering word die implikasies van die verbond vir die alledaagse lewe gekonkretiseer. Herinnering verbind die mens aan die krag van die belofte van die verbond. Die mens word voortdurend herinner aan God se toesegging: "Ek sal jou God wees". Deur herinnering aan dié toesegging word die verhouding met God in die hede geaktualiseer en werklik ervaar.

Die relasie tussen God en mens herinner die mens aan God se troue liefde. Dit is die refrein wat dwarsdeur Psalm 136 loop: "**aan God se liefde is daar geen einde nie**". Verskillende gronde word vir die refrein aangevoer. God is die oppermagtige God (vers 2). Hy is die magtigste van alle maghebbers (vers 3). Hy het magtige dade gedoen (vers 4). Hy het die hemel gemaak en die aarde op waters gevestig (vers 5-6). Hy het groot hemelligte gemaak (vers 7-9). Hy het Israel uit die mag van die Egiptenaars verlos (vers 10-15). Hy het sy volk deur die woestyn laat trek (vers 16). In die beloofde land het Hy groot konings oorwin (vers 17-20). Aan sy volk het Hy die land as geskenk gegee (vers 21-22). In hulle vernedering het Hy aan sy volk gedink en hulle uit die mag van hulle teëstanders bevry (vers 23-24). Hy gee voedsel aan al wat lewe (vers 25).

Die refrein dat daar aan God se liefde geen einde is nie, is soos golwe in die Nuwe Testament. Hy is die enigste Here. Daarom moet ons Hom alleen van harte liefhê. Een God, die Vader en die één Here het die wêreld geskep (1 Kor 8:16). Sy liefde blyk ook daarin dat Hy die reddende God is. Die geboorte, lewe, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus is hiervan die bewys. God se eindelose liefde kom verder in sy sorg na vore. Hy is die voorsienende en onderhoudende God. Dit is die Bybelse getuienis dat God die Skepper is, dat Hy ons Redder is en dat Hy ons Voorsiener en Onderhouer is wat ons sy trou laat ervaar. God se wonderbare skepping bring ons in verwondering voor God. Die redding wat God in Christus bewerk het, en wat die Heilige Gees in ons lewe realiseer, laat ons as bevrydes leef. Ons word deur die geloofsimbole, brood en wyn, herinner aan ons redding deur Jesus Christus en dit laat ons die bevryding smaak. Die belydenis dat God ons voorsienende en onderhoudende God is, maak ons moedig en dapper onder swaar laste, blymoedig en dankbaar as die son skyn. Ons weet dat ons ganse lewe in sy hande is. Hy sal ons voed en Hy sal vir ons sorg. Al dié ervarings laat ons in sy liefde roem. Daar is geen einde aan sy liefde nie!

Die relasie tussen God en mens herinner die mens daaraan om trou aan God te bly. Trou is 'n ervaringswoord. Dit beteken 'n lewe, 'n bestaan van lojaliteit en toewyding. Dit beteken dat ek my met iemand op pad kan waag. Herinnering laat mense besef dat die toegang tot God se koninkryk buite die mens se toedoen plaasvind. Die mens moet opsien na Iemand bo hom. Dit is 'n daad van **vertroue** en **liefde**. Toegang tot God se koninkryk is 'n aanvaarding van sy heerskap oor die mens se lewe en sy beheer van die wêreld. Hieraan word die mens steeds herinner. Die funksie van hierdie herinnering is dat die mens God se heerskap daagliks in sy lewe moet ervaar.

Die wet oefen binne die verbond 'n invloed op die mens se ervaring uit. Dit vind op twee maniere plaas. Die wet bring in die eerste plek die ervaring van vryheid tot stand. Die een mens se ervaring van die vryheid laat ook vryheid vir die ander toekom. Hierdie vryheid is 'n vryheid van vrees, onreg en die gebrek aan deernis. In die tweede plek bring die wet 'n ervaring van vryheid van slawerny en tirannie mee. Dit lê 'n morele grondslag vir die lewe. Op hierdie manier word die goeie lewe van alle mense begeer en moontlik gemaak. Binne die koninkryk word die mens ook herinner aan sy verantwoordelikhede. Hy moet as onderdaan van die Koning leef en aan Hom bo almal eer toebring. Verder moet hy ander mense menswaardig en met respek behandel. Hy moet ander in hulle nood en kwellinge bystaan en ondersteun. Die burger van die koninkryk moet

ook die blye tyding aan ander bring. Hy het voorts 'n bydrae om op politieke en ekonomiese gebied te maak. Hy moet binne sy lewensruimte sover hy kan, politieke billikheid en verdraagsaamheid bevorder. Op ekonomiese gebied moet hy hom beywer om armoede in al sy mensonterende wyses te bestry. Verder moet hy toesien dat die skepping nie beseer en geskend word nie.

Binne die konsepte "verbond" en "koninkryk" verwys herinnering ook na God se oordeel. Die mens word daaraan herinner dat God se oordeel neerkom op die mens wat nie aan Hom verbonde leef en sy heerskappy erken nie. Deur dié herinnering word die oordeel in die hede gekonkretiseer en ervaar.

### 4.2 Verbeelding as ervaring

Die tweede woord wat uit verbonds- en koninkryksperspektief tot ervaring lei, is **"verbeelding"**. Verbeelding is iets anders as fantasie. Fantasie is 'n ontvlugting van die werklikheid, terwyl verbeelding die werklikheid verruim en verryk. Verbeelding is soos 'n skilder wat appels geskilder het. As hy dit geskilder het, is dit nie appels nie, maar sukkulante kolle kleure en vorms wat aan die ruimte hang; wat in die verbygaan ook by ons as "appels" registreer en die volgende keer as ons "regte" appels sien, dan kyk ons met 'n gewysigde verwagting daarna. Dit is verbeelding wat uit sukkulante kolle kleure en vorms, appels laat groei en wat as ons appels sien, ons méér as appels laat sien. Verbeelding is om onder andere deur middel van metafore sin aan ons bestaan te gee. Dit maak 'n mens 'n

> ............. kersmaker
> uitdager van die donkertes
> wat van 'n vlam 'n lied maak[15].

Die kerk is met metafore omring. Die kerk is byvoorbeeld God se oogappel, Christus se bruid, God se volk, Christus se liggaam, die lig van die wêreld en die sout van die aarde. Verbeelding gee aan die kerk verbeeldingsruimte. Metafore gee sin aan die kerk se bestaan en wys sy plek en funksies aan.

Verbeelding kan verstaan word as die krag om vorm aan menslike ervaring te gee. Dit is die krag om die werklikheid te herbeskryf[16]. Die herbeskrywing van die werklikheid bestaan daarin dat daar ruimte geskep word sodat die mens sy verhouding met God, sy naaste en die wêreld op 'n kreatiewe wyse kan verdiep en ervaar. Verbeelding maak dit vir 'n mens moontlik om God in sy verskillende "beelde" onder verskillende

omstandighede te ontmoet en te ervaar. Om net 'n paar voorbeelde te noem: God in sy almag en onmag, God as Vader, Bevryder en Regter. Verbeelding maak ruimte vir God om God te wees. Dit laat mense daarop reken dat Hy die onmoontlike kan doen, dat Hy mense kan herskep en hulle harte, denke en lewenskoers kan verander, dat Hy in die geskiedenis van mense betrokke is. Waar daar haat is, bring Hy liefde; waar daar selfgenoegsaamheid is, bring Hy dankbaarheid; waar daar selfgerigtheid is, bring Hy diensbaarheid. God kan die onmoontlike doen deur selfs dooies te laat opstaan. Hierop reken ons ook. Verbeelding maak dit moontlik dat mense mekaar nie in skemas en ideologieë inpers nie. Dit respekteer ander mense se vryheid en selfstandigheid.

Verbeelding skep ruimte vir verskillende "beelde" van ander mense. Mense verskyn in hulle kwesbaarheid, broosheid, mag- en eersugtigheid, haatdraendheid, vergeldingsbeheptheid, barmhartigheid, mildadigheid, goedheid, liefdevolheid en vriendelikheid. Verbeelding voed ook etiese handelinge. Dit stel die mens in staat om nuwe weë te soek en te ontdek om die omgang met sy naaste sinvol te maak en aan sy naaste geluk te skenk.

Verder skep verbeelding ruimte dat 'n mens sy konteks sinvol kan interpreteer en in sy denke en dade kan integreer. Op dié manier kan 'n mens etiese handelinge voltrek wat ander ten goede kom. Deur verbeelding kan 'n mens hom daarin oefen om oor God se koninkryk en sy diens daarin drome te droom.

## 4.3 Hoop as ervaring

**"Hoop"** is die derde woord wat uit die teologiese konsepte "verbond" en "koninkryk" spruit. In die verbond word die mens se lewe met hoop gevul. God gee aan sy bondgenoot die belofte dat Hy sy God sal wees. Hierdie belofte maak die ervaring van God se teenwoordigheid 'n werklikheid. Deur geloof (vertroue) en liefde word hierdie belofte toege-eien. Hierdie teenwoordigheid van God gee aan die mens in sy **radikale grondervaringe** hoop. In **radikale grondervaringe** kom **verontwaardiging** by die mens op as hy na die werklikheid kyk soos dit in feite is, met sy herhalende geskiedenisse van onreg, uitbuiting en lyding. Die verontwaardiging is een van die fundamenteel eksistensiële ervaringskategorieë in 'n wêreld wat deur verbruik, genot, vergetelheid en... mag, geweld en verdrukking beheers word[17]. Hierdie verontwaardiging spruit uit hoop. Dit is hoop uit verontwaardiging wat 'n mens laat weier om hom by ontmensliking en alles wat die mens kwets, neer te lê. Verder is dit verontwaardiging uit hoop wat die mens in sy ervaring van die bose wêreld laat besef: **"Dit is**

**genoeg!" of "dit nooit weer nie; die wêreld en ons moet verander. Daar is mos nog hoop; dit kan en dit moet anders"**[18].

Hoop kan nog op 'n ander manier gewek word. Dit is deur diskrepansie. Diskrepansie is die ervaring van die afstand tussen die reële situasie waarbinne mense hulle bevind en die ideale situasie wat wenslik is. Dit is hierdie ervaring van diskrepansie wat die manier waarop mense dink en voel aanwakker en hulle tot handelinge motiveer[19]. Hierdie manier van dink en doen wat uit die ervaring van die diskrepansie tussen werklikheid en ideaal spruit, en wat mense tot menslike handelinge motiveer, is hoop.

Ten diepste is hierdie hoop 'n hoop op God. Hy is mos by die mens as hy ly, as hy siek is, as hy moedeloos is, as hy in 'n gebroke verhouding beland en as hy treur. God se teenwoordigheid gee aan die mens ook die hoop op die opstanding uit die dood. Dit laat hom glo dat God die God van die lewendes is. Hoop maak berge gelyk en laat mense droogvoets deur riviere stap. Op pad na die nuwe hemel en aarde laat hoop mense ligvoets oor berge klim en oor seë vaar. Dit is hoop wat 'n mens laat bid en verwag dat God se koninkryk finaal sal kom. Sonder dié ervaring van hoop versink alles in wanhoop. God gee ook geloofsimbole, die brood en die wyn, om die hoop wakker te hou.

Bybelse verhale voed hoop. Die eksodusverhaal bly 'n onuitputlike bron van hoop. Hoewel daar 'n pluraliteit van eksodus interpretasies is[20], bly van die sentrale momente in die verhaal dat God die Bevryder is. Hy maak mense vry en gee aan hulle vryheid. Hierdie vryheid is 'n geestelike en materiële bevryding[21]. Deur sy handelinge met mense kan Hy die onmoontlike en onverwagte doen. Hy sorg op sy manier vir mense in die woestyn waar alles kwyn en almal murmureer. God gee aan mense beloftes en 'n toekoms vol hoop. Die eksodusverhaal laat ons uit hoop leef en daarvoor veg. Dit is hierdie hoop wat 'n oormatige optimisme temper en 'n donker pessimisme verdryf. Hierdie hoop gee 'n nuwe visie op die skepping en die geskiedenis. God is met sy volk in die geskiedenis op pad na die nuwe hemel en aarde. Dit is genoeg rede om met hoop te leef.

## 5 CHRISTOLOGIE EN PNEUMATOLOGIE IN ERVARINGS-PERSPEKTIEF

Die **Christologie** en **Pneumatologie** is die grond van die bondgenootskap[22]. Die relasie met God kom nie anders as deur die bemiddeling van die Middelaar, Christus tot stand nie. God se Gees skakel die menslike gees met al sy moontlikhede in. Hy werk in en deur ons gees. Die Gees open die weg na die ervaring van die heil. Die Gees skenk geloof

en liefde aan die mens wat hy kan ervaar. In dié ervaring groei die mens ook in 'n deurleefde geloof en aktiewe liefde. Op dié manier word die mens bewus van sy nuutheid, andersheid en toekoms.

## 6 GOD SE HANDELINGE EN DIE MENS SE ERVARING

God se handelinge is op die mens gerig. Dit vind neerslag in die menslike bestaan. Daarom word ervaring 'n kategorie om die ontmoeting tussen God en mens te beskryf.

## NOTAS:

1 G Heitink, "Theologie en psychologie: Een spanningsveld" in: *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift* 4 (1990), 206; G Heitink, *Pastorale Zorg. theologie - differentiatie - praktijk*, Kampen 1998, 112-114, 123.

2 Heitink, "Theologie en psychologie: Een spanningsveld", in: *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift* 4 (1990), 206.

3 Heitink, *a w*, 208.

4 D Tracy, *On Naming the Present. God, Hermeneutics, and Church*, New York, London 1994, 115.

5 G Heitink, *Praktische Theologie. geschiedenis - theorie - handelingsvelden*, Kampen 1993, 114; Heitink, *a w*, Kampen 1998, 71, 112-114.

6 Heitink, *a w*, 1990, 208.

7 Heitink, *a w*, 1993, 254.

8 Heitink, *a w*, 1993, 255.

9 J A Loader, "Die rebel wat die waarheid oor God gepraat het" in: C J A Vos & J C Müller (reds), *Menswaardig*, Halfway House 1994, 88-89; N A Schuman, "Jobs laaste reactie als nieuw begin" in: Bettine Siertsema, *Job: steen des aanstoots*?, Kampen 1996, 36-47; Loader, "Noomi und Hiob, Schubert und Mahler: Uberlegungen zu eienem alttestamentlichen Beitrag in Wien" in: J A Loader en H V Kieweler (Hrsg), *Vielseitigkeit des Alten Testaments. Festschrift für Georg Sauer zum 70. Geburtstag*, Wenen 1999, 152-154.

10 T T Cloete, *Allotroop*, Kaapstad 1985, 47.

11 Tracy, *a w*, 43.

12 T T Cloete, *Idiolek*, Kaapstad 1986, 92.

13 R Bohren, "Die Busspsalmen: Lebenserfahrung und Doxologie", *Pastoraltheologie. Monatschrift für Wissenschaft und Praxis in Kirche und Gesellschaft* 4 (1995), 150.

14 Vergelyk C J A Vos, *Die Volheid Daarvan 1. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*, Pretoria 1996, 63-104, vir 'n bespreking van die begrippe verbond en koninkryk; vergelyk ook D P Veldsman, "Religieuse ervaring as herinneringsvolle verbeelding", *Scriptura* 46 (1993), 50-65 se boeiende artikel oor religieuse ervaring as herinneringsvolle verbeelding.

15 E van Heerden, *Amulet teen die vuur*, Kaapstad 1987, 84.

16 P Ricoeur, "The Bible and the Imagination" in: Hans Dieter Betz (ed), *The Bible as document of the University*, United States of America 1981, 50.

17 E Schillebeeckx, *Theologisch testament. Notarieel niet verleden*. Baarn 1995, 128-129.

18 Schillebeeckx, *a w*, 128, 130.

19 J A van der Ven, "The Moral and Religious Self as a Process" in: H J C Pieterse (ed), *Desmund Tutu's Message: A qualitative analysis*. Kampen 1995, 75.

20 Tracy, *a w*, 69-70.

21 Tracy, *a w*, 72.

22 Vergelyk hieroor Vos, *a w*, 104-120.